Betalingsbeleid – TO Strand

Tydperk	Voorkeur betaalbaar – Eenmalige fooi (Nie terug betaalbaar nie)	Besprekings open	Deposito 1	Deposito 2	Finale betaling
Desember (Besoeker op die oord)	5 Dae vanaf u oorspronklike aankoms datum soos per u faktuur.	NVT	35% -28 Feb	35% - 30 Jun	14 Dae voor aankoms
Desember (Besoeker nie op die oord)	Kan nie voorkeur betaal nie	Lede 1 Feb & Nie-lede 1 Maart	35% Binne 7 dae vanaf bespreking gemaak is	35% - 30 Jun	14 Dae voor aankoms
Maart/April (Besoeker op die oord)	5 Dae vanaf u oorspronklike aankoms datum soos per u faktuur	NVT	35% - 30 Julie	35% - 31 Okt	14 Dae voor aankoms
Maart/April (Besoeker nie op die oord nie)	Kan nie voorkeur betaal nie	1 Julie	35% Binne 7 dae vanaf bespreking gemaak is	35% - 31 Okt	14 Dae voor aankoms
Junie/Julie (Besoeker op die oord)	5 Dae vanaf u oorspronklike aankoms datum soos per u faktuur	NVT	35% - 31 Augustus	28 Feb	14 Dae voor aankoms
Junie/Julie (Besoeker nie op die oord nie)	Kan nie voorkeur betaal nie	1 Augustus	35% Binne 7 dae vanaf bespreking gemaak is	28 Feb	14 Dae voor aankoms
Normale buite seisoen besprekings	Geen voorekeur vir buite seisoen besprekings nie	NVT	35% Binne 7 dae of 100% indien aankoms binne 30 dae plaasvind	NVT	14 Dae voor aankoms
Groepe en konferensies (Spesiale reëlings)			50% Binne 7 dae vanaf bespreking gemaak is		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms
Groepe en konferensies			R3500.00 Binne 7 dae		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms
Skole			R3500.00 Binne 7 dae		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms
Groep, Konferensies & Skole			Indien aankoms binne 14 dae plaasvind 100%		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms

Indien die depositobeleid nie streng nagekom word nie, sal alle voordele verbonde aan die voorkeurbesprekingsbeleid verbeur word en sal voorkeurbesprekings vir die volgende jaar nie toegestaan word nie.
Deposito mag nie afbetaal word nie. Indien die betaaldatums nie nagekom word nie, sal die bespreking gekanselleer word.

TO STRAND
VAKANSIEOORD / HOLIDAY RESORT

Kansellasiebeleid

'n Kansellasiefooi van 20% sal teruggehou word van die aanvanklike depositobedrag indien meer as 1 maand voor aankoms gekanselleer word.'n Kansellasiefooi van 100% sal teruggehou word van die aanvanklike depositobedrag indien minder as 1 maand voor aankoms gekanselleer word. Indien die depositobeleid nie nagekom word nie sal die bespreking sonder enige kennisgewing gekanselleer word en voorkeurbesprekings sal 100% verbeur word.

Buitengewone gevalle soos in die geval van dood of ernstige siekte, moet 'n skiftelik versoek indien en sal verwys word na die Direksie van TO Strand vir verdere hantering en besluitneming.Voorkeurfooie mag nie van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie.

Besprekingsprosedure - Seisoentye

1. Persone wat huidiglik bespreek is, sal geregtig wees om 'n *voorkeurbespreking* tov dieselfde staanplek/chalet te maak vir die ooreenstemmende tydperk die daaropvolgende jaar. Voorkeuraansoeke kan nie oorgedra word na die volgende jaar indien die bespreking nie realiseer om welke rede nie. Die volgende besoeker op die waglys sal dan die geleentheid gegun word om te bespreek. Hiervoor word 'n nie-terugbetaalbare voorkeurfooi van R350-00 een bloktyd, R200-00 daaropvolgende blok en R150-00 vir 'n derde blok (m.a.w R700-00 indien u drie bloktye bespreek) is betaalbaar met inhandiging van die aansoekvorm.
   AANSOEKVORMS IS IN DIE KANTOOR BESKIKBAAR EN MOET BINNE 5 DAE VAN AANKOMS INGEHANDIG WORD.

2. SAOU lede het geleentheid om 'n bespreking te maak tot twee maande na die aanvang van die seisoen, daarna sal alle onbesette staanplekke/chalets beskikbaar wees vir bespreking deur die breë publiek.
   (Voorbeeld: Desember besprekings sal vir die breë publiek oop wees vanaf 1 Maart sien depositobeleid op eerste bladsy)

3. Besprekings word by die T O Strand gedoen d.m.v. 'n aansoekvorm wat volledig voltooi moet word en beskikbaar is by die kantoor of elektronies beskikbaar is op ons webblad

4. Betalings van besprekings wat gekanselleer/gewysig word kan slegs oorgedra word na 'n volgende periode, mits die periode binne dieselfde finansiele jaar val en met skiftelik versoek.

5. *NEEM KENNIS DAT GEEN BESPREKING OORGEDRA MAG WORD AAN VRIENDE OF FAMILIE NIE.*

6. *SLEGS EEN BESPREKING WORD TOEGELAAT PER HUISGESIN, SOU U MEER AS EEN STAANPLEK/CHALET BESPREEK MOET DIE PERSOON WAT IN DIE SPESIFIEKE STAANPLEK/CHALET GAAN WEES 'n AFSONDERLIKE AANSOEKVORM VOLTOOI.*

TO STRAND
VAKANSIEOORD / HOLIDAY RESORT

Rustende Lede

Hiermee die voorwaardes vir rustende lede;

1. Die bepalings ten opsigte voordele van TO lede het opgegaan in die SAOU soos dit tans daar uitsien
2. Die voordele gekoppel aan Rustende lidmaatskap , is deur die NUR gewysig en word hierby ingesluit
3. Om egter te aanvaar dat die tipe voordele vir ewig onveranderbaar is nie realisties nie

Die gewysigde voordele is as volg:

1. Dat pensioenarisse as volg gedefinieër word:
a. Ten minste 5 jaar ononderbroke lidmaatskap op datum van laaste aktiewe lidmaatskap, dws maandelikse ledegeldbydraes gedurende die voorafgaande 60 maande, en
b. Die aftrede as 'n bona fide aftrede met pensioen geag word.

2. Dat ons lewenslange lidmaatskap vir pensioenarisse aanbied.

3. Dat die koste gratis is.

4. Dat hulle die volgende voordele ontvang:
a. Besprekings te TO Strand en Dwarswegstrand teen ledetarief, maar dat dit slegs in die buite-seisoentydperk sal geld en nie tydens die hoog-, piek- en hoogpiekseisoene nie. Die onderskeie direksies sal egter die aspek van tyd tot tyd verreken synde die SAOU geen direkte beheer oor die maatskappy uitoefen nie. b. Kwalifiseer vir rentekoerse soos dit geld vir lede by FINSA, met dien verstande dat die direksie die finale rentekoers bepaal nav die kredietrisiko van elke aansoek.
c. Op ons e-posverspreidingslyste geplaas kan word.
d. Bywoon van bemagtingsgeleenthede teen ledetarief, buiten die skoolhoofdesimposium.
e. Toegang tot die SAOU-Mall en SAMBA kan bekom – hulle kwalifiseer dan ook vir die -5% korting op aankope.